

Afrikaans God's Simple Plan

Want almal het gesondig en dit ontbreek hulle aan die heerlikheid van God. Romeine 3:23

Want die loon van die sonde is die dood, maar die genadegawe van God is die ewige lewe in Christus Jesus, onse Here. Romeine 6:23

Want uit genade is julle gered, deur die geloof, en dit nie uit julleself nie: dit is die gawe van God; nie uit die werke nie, sodat niemand mag roem nie. Efésiërs 2:8-9

En die tollenaar het ver weg gestaan en wou selfs nie sy oë na die hemel ophef nie, maar het op sy bors geslaan en gesê: o God, wees my, sondaar, genadig! Lukas 18:13

Geen versoeking het julle aangegryp behalwe 'n menslike nie; maar God is getrou, wat nie sal toelaat dat julle bo julle kragte versoek word nie; maar Hy sal saam met die versoeking ook die uitkoms gee, sodat julle dit sal kan verdra. I Korinthiërs 10:13

Want ek is versekerd dat geen dood of lewe of engele of owerhede of magte of teenwoordige of toekomstige dinge of hoogte of diepte of enige ander skepsel ons sal kan skei van die liefde van God wat daar in Christus Jesus, onse Here, is nie. Romeine 8:38-39

Want Christus is die einde van die wet tot geregtigheid vir elkeen wat glo. Romeine 10:4

Want Hy sê: In die tyd van die welbehag het Ek jou verhoor, en in die dag van heil het Ek jou gehelp. Kyk, nou is dit die tyd van die welbehag; kyk, nou is die dag van heil. II Korinthiërs 6:2

Toe hulle dit hoor, is hulle diep in die hart getref en het vir Petrus en die ander apostles gesê: Wat moet ons doen, broeders? En Petrus sê vir hulle: Bekeer julle, en laat elkeen van julle gedoop word in die Naam van Jesus Christus tot vergewing van sondes, en julle sal die gawe van die Heilige Gees ontvang. Handeling 2:37-38

En julle met die nuwe mens moet beklee wat na God geskape is in ware geregtigheid en heiligheid. Efésiërs 4:24

Soos geskrywe is: Daar is niemand regverdig nie, selfs nie een nie. Romeine 3:10

Want die loon van die sonde is die dood, maar die genadegawe van God is die ewige lewe in Christus Jesus, onse Here. Romeine 6:23

Daarom, soos deur een mens die sonde in die wêreld ingekom het en deur die sonde die dood, en so die dood tot alle mense deurgedring het, omdat almal gesondig het -- Romeine 5:12

Want toe ons nog swak was, het Christus op die regte tyd vir die goddelose gesterwe. Romeine 5:6

Maar God bewys sy liefde tot ons daarin dat Christus vir ons gesterf het toe ons nog sondaars was. Romeine 5:8

En na die Gees van heiligheid met krag verklaar is as die Seun van God deur die opstanding uit die dode, Jesus Christus, onse Here, Romeine 1:4

Omdat ons weet dat Christus, nadat Hy opgewek is uit die dode, nie meer sterf nie. Die dood heers oor Hom nie meer nie. Romeine 6:9

As jy met jou mond die Here Jesus bely en met jou hart glo dat God Hom uit die dode opgewek het, sal jy gered word; Romeine 10:9

Want: Elkeen wat die Naam van die Here aanroep, sal gered word. Romeine 10:13

Want ek is versekerd dat geen dood of lewe of engele of owerhede of magte of teenwoordige of toekomstige dinge of hoogte of diepte of enige ander skepsel ons sal kan skei van die liefde van God wat daar in Christus Jesus, onse Here, is nie. Romeine 8:38-39